

14 JULIE

SKRIFGEDEELTE: 1 JOHANNES 3:18-24
FOKUSGEDEELTE: 1 JOHANNES 3:22

Sal God alles gee wat ek vra?

Bid net wat jy wil en God sal dit gee!

Wil Johannes regtig sê dat God alles gee wat ek vra? Waarom dan steeds armoede, waarom dan steeds siektes? Word daar nie hiervoor gebed nie? Wat van die broeder of suster wat deur diep water moet gaan en bid om uitkoms, sonder dat dit kom? Is dit omdat hulle eie geloof te swak is, of omdat hulle verkeerd bid? So kan die verkeerde begrip van gebed jou geloof afbreek en jou laat twyfel.

Hoe moet ons hierdie gedeelte verstaan?

Johannes onthou hierdie woorde goed. Hy het dit uit die mond van ons Here Jesus self gehoor (Joh. 15:7): “As julle in My bly en my woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry.”

Johannes het egter besef dit gaan nie oor my wil nie, maar God se wil. Johannes kwalifiseer dit. Eers as ek in ware geloof bid, myself oorgee aan Jesus Christus, met ware liefde vir my naaste, dan sal ek volgens die wil van God bid.

Want wat ek dan vra, sal tot eer van God en net die beste vir die ander om my wees. Dit sal God nooit weier om te gee nie!

Sing: Skrifberyming 17-1:5, 6

Ds Leon Kruger (Vanderbijlpark-Oos)